

Potchefstroom se eerste swartwoonbuurt: Machaviestat 1839-1888

G. van den Bergh

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Onder die Barolongs wat vandag in Potchefstroom woon, is daar, binne die breë huidige debat oor grondbesit, 'n politiesgekleurde gevoel dat Machaviestat hulle toekom op grond van gevestigde besetting en formele regspraak.¹ Die dispuut kan teruggevoer word na die gedwonge verskuiwing van die bewoners van Machaviestat deur die Potchefstroomse munisipaliteit in 1968 en 1971. Hierdie artikel is nie ontwerp om sodanige aanspraak te bevraagteken nie, maar om 'n vestigingsgeskiedenis van Machaviestat gegrond, op amptelike bronne, te bied. Eiendomsreg kom hierin terloops ter sprake.

Die ontstaan van Machaviestat was die gevolg van die Voortrekkerleier A.H. Potgieter se goeie betrekkinge met die Barolong van Thaba Nchu in die tydperk onmiddellik voor en na die Voortrekkerbesetting van Wes-Transvaal. Die faktore wat deurslaggewend was in die smee van daardie bande was beide partye se begeerte om in Transvaal te vestig en die besef dat die vernietiging van die Matebelemag 'n vereiste daartoe was. Die bedoeling was dat die Barolongs in Verrewes-Transvaal op hulle stamlande, van waar die Matabeles hulle verdryf het, hervestig sou word en dat Machaviestat as 'n tydelike deurgangsbasis in die proses sou dien. Gedurende die eerste 50 jaar van sy bestaan het 'n reeks faktore egter van Machaviestat 'n permanente nedersetting gemaak. In hierdie artikel word eerstens op daardie faktore gefokus en daarna op die status van Machaviestat onder munisipale bestuur.

1. Die Barolong voor hulle vestiging in Thaba Nchu²

Die aanspraak van die Barolongs op histories-gefundeerde vestigingsreëte in die suid-westelike uithoek van Transvaal sou die grondslag van Potgieter en alle latere presidente van die S.A.R. se betrekkinge met hulle tot die sewentigerjare vorm.

Enkele aspekte van die geskiedenis van die Barolongs word aangeraak.

Ten tye van die regering van die gevierde Tau teen die middel van die 18e eeu het sy gesag gestrek oor die gebied wat vandag deur Morokweng, Kuruman, Christiana, Klerksdorp, Ventersdorp en Zeerust begrens word. Verskeie kleiner stamme is binne die gebied gedomineer. Na Tau se dood het die Barolongs in vier groepe verdeel, elk onder aanvoering van een van sy seuns. Na hulle is as die Barolongs van Ratlou die van Ratschidi, die van Seleka en die van Rapulana verwys. 'n Mindere, feitlik onbenullige, groep was die aanhangers van Modiboa. Hierdie verdeling geld tot vandag om die Barolongs onderling te identifiseer. Na Tau se dood het dominansie van die Barolongs in die streek verdwyn en het die vier hoofgroepe 'n tydperk van interne en onderlinge stryd beleef. Onder druk van die Batlokwas, die Bakwenas, die Bataungs, die

Bofokengs en veral die instromende Matabeles het drie van die vier hoofgroepe tussen 1830 en 1832 suid-weswaarts tot by Platberg (Motlhanapitse), naby die huidige Christiana uitgewyk. Slegs die Rapulanas het nog noord van die Vaalrivier by Thabeng (die latere plase Buisfontein en Hartebeesfontein wes van Klerksdorp) gebly en hulle aan Mzilikazi onderwerp, hoofsaaklik om met sy steun 'n onreg wat hulle deur die Bataungs aangedoen is, te wreck.


As gevolg van oorbevolking en voortgesette vrees vir die Matabeles het die groepe by Platberg, onder leiding van die sendelinge John Edwards en James Archbell, in April 1833 'n soektog na 'n meer geskikte nedersetting onderneem.³ Na onderhandelings met die Basoetoe-opperhoof, Mosjwesjwe, is uiteindelik in 1834 'n ooreenkoms aangegaan wat later geformaliseer is en waarkragtens 'n uitgestrekte gebied om Thaba Nchu aan hulle afgestaan is. Teen die einde van 1833 het die Ratlous onder Matlaku en Gontse, die Selekas onder Moroka en die Ratschides onder Twana, tesame, met 'n groepie Griekwas en koranas, die verhuising onderneem. Teen 1835 het ook die vierde groep, die Rapulanas onder Machavie,⁴ na Thaba Nchu verhuis. Hoewel Gontse as hoof van die Ratlous die senior kaptein was, het almal Moroka se plaaslike voorrang by Thaba Nchu erken. Die junior kaptein was Machavie, wat tussen 1800 en 1819 gebore is.

2. Die koms van Hendrik Potgieter en die verdrywing van die Matabeles

Die Barolongs was slegs enkele jare by Thaba Nchu gevestig toe Potgieter en sy Voortrekkers in 1836 hulle opwagting in die gewes gemaak het. Die betrekkinge tussen Potgieter en die Barolongs was uit die staanspoor baie goed. Dit is trouens te betwyfel of daar enige swart volk was met wie die Voortrekkers op beter voet verkeer het. Omdat Moroka die plaaslike segsman was, het Potgieter veral met hom onderhandel.⁵ Hy het Potgieter gewaarsku dat enige vestigingsvoornemings deur die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot konfrontasie met Mzilikazi sou lei.⁶ Hierdie waarskuwings is bewaarheid met die aanvalle op die Erasmus-en Liebenberglars in Augustus en die opvolgslag te Vegkop in Oktober.

Met die verlies van al hulle vee by Vegkop is die Voortrekkers na Thaba Nchu deur die toedoen van Archbell en die vier Barolongkapteins terug geneem. Trekosse, melkkoeie en voedsel is deur hulle aan die Potgietermense voorsien om hulle terugtog na Thaba Nchu te vergemaklik.⁷

Terwyl Potgieter daarna van die terugslae herstel het, het ook die trekke van Gerrit Maritz en Piet Retief opgedaag. Ook hulle is met gasvryheid ontvang.



Moderne kaart wat die ligging van Machaviestat aandui. Die vae omtying van die stat is te wyte aan die feit dat die plaas op 'n vroeë stadium by die dorpsgronde van Potchefstroom gevoeg is en sedert 1859 nie weer as 'n aparte plaas opgemeet is nie. (Bron: Potchefstroom Munisipaliteit).

Die Barolongs het die inisiatief geneem om die vrees vir die Matebeles, wat die Voortrekkers nou gedeel het, te gebruik om permanente vriendskapsbande met hulle te smee. Albei groepe se leiers het besef dat 'n veilige besetting van Transvaal nie moontlik sou wees solank Mzilikazi se mag nie gebreek is nie. Deur bemiddeling van Archbell het Potgieter met die afsonderlike Barolongleiers onderhandel. Vir sy voorstel dat 'n gesamentlike veldtog onderneem word om Mzilikazi in sy hartland aan te val, was hulle geredelik te vinde.⁸

In ruil vir Barolongsteun in die vorm van berede en voetkrygers, gidse, veewagters, drywers, agterryers en laerhulp sou Potgieter na die verdrywing van die Matebeles aan die afsonderlike kapteins die grondgebied wat Mzilikazi van hulle in Wes-Transvaal afgeneem het, terugbesorg. Die voorwaarde was dat hulle sy oppergesag erken en sy wette handhaaf. Daartoe het al die hoofde ingestem.⁹ Dit is allerweë duidelik dat 'n formele en skriftelike ooreenkoms tussen Potgieter en die kapteins met dié strekking aangegaan¹⁰ en meermale herbevestig is.

Vir die eerste kommando, wat in Januarie 1837 onderneem is, het die hoofde ongeveer een-derde van die nagenoeg 220-sterk mag voorsien.¹¹ Van die leiers het egter slegs Machavie self die kommando meegemaak, terwyl die ander kontingente ander minderes gestuur het. Moroka se bydrae was die kleinste.¹² Daar was ook 'n veertigtal Korannas op die ekspedisie.

Na afloop van die veldtog is van die groot getal vee wat buitgemaak is aan die Barolongs toegeken. Weens sy meerdere bydrae het Machavie meer as die ander ontvang. Die buitverdeling was 'n bonus en nie deel van die ooreenkoms nie.¹³

Aangesien die eerste kommando nie beslissend was nie is 'n tweede in November onderneem wat op die Sewe Dae Slag uitgeloop het en waaraan ook Piet Uys deelgeneem het.¹⁴ Hierdie keer het slegs Machavie 'n kontingent voorsien. Gevolglik is net hy met vee beloon.¹⁵ Die ander kapteins het later beweer dat hulle nie in buite nie, maar slegs in die herowering van hulle grond belanggestel het.¹⁶

Die tweede ekspedisie het Mzilikazi se mag gebreek en hy het die gebied ontruim en noordwaarts in die rigting van Betsjoeanaland en die latere Rhodesië verhuis.

Na sy afwesigheid in Natal om die ander Voortrekkers daar te help vestig het Potgieter 18 maande na die Sewe Dae Slag weer sy opwagting in die gebied suid van die Vaalrivier gemaak om vir sy besetting van Transvaal voor te berei. Tussendeur het hy sy goeie betrekkinge met die Barolongs gehandhaaf.

3. Verhuising van die Voortrekkers en Barolongs na Transvaal

Nog voor sy intog in Transvaal in Januarie 1839 het Potgieter by meer as een geleentheid die gebied as syne geproklameer.¹⁷ Na sy aankoms daar het hy sy beheer oor die hele streek uitdruklik en skriftelik teenoor verskeie ander swart stamme bevestig en van hulle 'n formele

onderwerping aan sy gesag vereis. In ruil daarvoor het hy aan hulle beskerming belowe en óf hulle bestaande gronde gewaarborg óf nuwes aan die ontwrigters toegeken.¹⁸

Wat die Barolongkapteins betref, het hulle pas nadat Potgieter in Potchefstroom gesetel was op sy vestiging-sbeloftes teenoor hulle aanspraak begin maak. Dat Potgieter steeds geneë was om sy onderneming in die verband gestand te doen blyk uit korrespondensie met Kaapse goewerneurs. In teenstelling met 'n brief aan goewerneur Napier pas voor sy besetting van Transvaal, en waarin slegs Moroka as bondgenoot genoem word,¹⁹ vermeld Potgieter in 'n brief aan goewerneur Smith in 1848 die name van 28 swart hoofde met wie hy 'n vriendskapsverdrag gesluit het. Hy sonder Machavie, Tawana en Gontse²⁰ uit as diegene wat die meeste onder die Matebeleaanslae gly het. "Deze", sê hy, "zyn tot ons gekomen ende wij hebben ze aangenomen." Die ander kapteins noem hy afsonderlik. Opvallend is dat Moroka hierdie keer nie genoem word nie. Moontlik bedoel Potgieter dus met die woorde 'tot ons gekomen' na hulle fisiese verskuiwing na Transvaal en met "aangenomen" na hulle vestiging by Potchefstroom, dus feitlik letterlik onder sy vleuels. Hierdie vestiging moet vervolgens betrag word.²¹

Volgens verskeie getuies by die Bloemhofondersoek van 1871, het Potgieter na die tweede en beslissende ekspedisie teen Mzilikazi sy onderneming om die Barolongs in Transvaal te laat terugkeer, herbevestig. Hy sou toe, of moontlik reeds vroeër, die Schoonspruit as 'n algemene skeidslyn tussen die gebiede wat deur die Voortrekkers en die Barolongs beset sou word aangedui het. Aan die Barolongkapteins is elk 'n bepaalde, maar tans onduidelike, area tussen die Schoonspruit en Moloporivier toegeken.²²

Maar die goeie voornemens van Potgieter met die Barolongs se hervestiging is ernstig deur die toetrede van 'n derde party in die Transvaalse politiek versteur.

Potgieter het homself onafhanklik van die Natalse Volksraad geag, maar dié liggaam het nie sy gesagaansprake oor die Transvalers laat vaar nie. In die maande pas na die Bloedrivierslag het die liggaam 'n landdros, Jacob de Klerk, wat aan die Schoonspruit gevestig was, aangestel. Hy moes as teenvoeter dien vir die Potgietersgesag wat aan die Mooirivier gevestig was.²³ Onbewus van Potgieter se ooreenkoms met die Barolongleiers, het De Klerk begin omplase in die "gewonnen land van Mosselkaats" aan blankes uit te gee.²⁴

Die ongelukkige uitwerking daarvan sou spoedig blyk.

Machavie het met die Barolongs se verskuiwing na Transvaal die voortou geneem. In 1839, dus pas na die vestiging van die Voortrekkers in die gebied, het hy 'n jagtog aan die Mooirivier in die geselskap van sy broer, Mongala, onderneem.²⁵ Potgieter het hulle in Potchefstroom te woord gestaan. Machavie het verklaar dat Thaba Nchu te klein geword het vir al die mense wat daar gevestig was en waarvan die getalle steeds toegeneem het. Hy was boonop begerig om na die gebied net wes van die Schoon-

spruit, waarop hy onwrikbaar aanspraak gemaak het²⁶ terug te keer. Ook is melding gemaak van die verontrustende gerugte dat blankes, in die stormloop vir goeie plase, besig was om grond in die geweste waarop die Barolongs aanspraak gemaak het, te beset. Hy het ook gekla dat kleiner swart stamme wat voor die Matebeles na die Kalahari uitgewyk het nou besig was om terug te keer en hulle op Barolonggronde te vestig.²⁷ Hierdie dinge het 'n terugkeer na die ou stamgrond vir Machavie soveel dringender gemaak.

Na hierdie onderhandelings het ook Tawana en Gontse Potgieter versoek om hulle te hervestig. By wyse van herhaling het almal Potgieter se oppergesag erken en hulle as sy kinders bestempel. Die vestigingsooreenkoms is nogeens op skrif gestel en deur getuies bevestig.²⁸ Die bestaan van die ooreenkoms en die daarmee strydige uitgee van plase wes van die Schoonspruit deur De Klerk is onder die aandag van die Natalse Volksraad gebring en Andries Pretorius, die Natalse kommandant-generaal, is gestuur om die grensaangeleentheid met Potgieter te bespreek.²⁹

Blykbaar was Potgieter van voorneme om elke Tswana-groep onverwyld in die gebied waarop aanspraak gemaak is, of waarop reeds ooreengekom is, te vestig. Volgens getuienis van Mongala en Machavie in 1871 het Potgieter en sy plaasinspekteur, Gert Kruger, tydens hulle samesprekings in 1839 van hulle verneem waar die grond was waarop hulle aanspraak gemaak het en het hulle aan hom die reeds vermelde grense van Tau se ou gebied voorgehou. Hierop het Potgieter kommissies uitgestuur om die Schoonspruitgrens te inspekteer en self Machavie en sy broer na die gebied vergesel. Machavie se woorde hieroor was:

“Potgieter went with me ... to Schoonspruit to point out the (d.w.s. our) farms to the Boers. There was a party of Boers. There Potgieter asked me where the country was which Moselekatse had taken from my father and which I was always talking about.”³⁰

Die beeld wat hier geskep word, is dat Potgieter die algemene bewoningsregte van die Barolongs tussen die Schoonspruit en Molopo erken het en die gebiede self wou inspekteer of laat inspekteer, maar dat hy van die voorneme afgesien het na die ontmoeting met 'n weerspannige “party of Boers” van die Schoonspruitomgewing en dus waarskynlik anti-Potgieter- en pro-Volksraad gesinde aanhangers van landdros De Klerk.³¹ Potgieter moes op die stadium besef het dat die vraagstuk van wedersydse grondbesit en gebiedsafbakening kompleks was as wat hy in 1837 by Thaba Nchu voorsien het.

Die gevolg was dat Potgieter die uitwys van permanente vestigingsgebiede aan die Barolongs op die lange baan moet skuif.³²

4. Die vestiging van Machaviestat

As tussentydse reëling het Potgieter gevolglik 'n gebied aangewys waarop die leiers en hulle mense tydelik kon vestig.³³

Die vraag is waarom juis Machaviestat daarvoor uitgesonder is. Daar was in daardie vroeë stadium immers 'n oorvloed van onbesette grond in Wes-Transvaal beskikbaar.³⁴

Minstens drie oorwegings het in die besluit 'n rol gespeel. Eerstens moes 'n gebied voorsien word wat uitgebreid en waterryk genoeg was om 'n groot aantal mense en hulle vee te onderhou. Tweedens sou Potgieter sy bondgenote en beskermlinge, wat enigsins onseker was oor hoe die blankes, veral die Schoonspruitaksie,³⁵ hulle sou aanvaar, naby sy setelplaas wou hê. Ten slotte was Machaviestat, wat aan al hierdie vereistes voldoen het, op daardie tydstip vir besetting beskikbaar.

Dit kan met sekerheid bepaal word waar Machaviestat in die Voortrekkerbesetting van Transvaal figureer. Die vroegste Voortrekkerplaasregister oor die Mooirivieromgewing maak van die plaas Buffelsfontein direk van Potchefstroom melding. Dit is op 17 Augustus 1839 aan T.J. Kruger toegeken.³⁶ Die ligging van die plaas word aangedui as “Aan de Witrand”, 'n bekende plaas wat aan weerskante van die Mooirivier net noord van Potchefstroom geleë was. Die plaas is op 9 Desember 1841 as Buffeldoorn opgemeet.³⁷ Die opmetingsdatum rym met die volgorde van plaasopmeting in die gewes. Buffeldoorn is pas daarna onteien om by die Potchefstroomse dorpsgronde gevoeg te word. Om te vergoed vir die verlies van Buffeldoorn is in dieselfde tyd aan Kruger nuwe plase aan die Magaliesberg toegeken.³⁸ Aan die einde van 1850 is die plaas weer as dorpsgrond opgemeet;³⁹ hierdie keer as Machaviestat.

Twee jaar nadat Machavie, Tawana en Gontse van Potgieter die reg verkry het om hulle tydelik op Machaviestat te vestig het hulle van Thaba Nchu daarheen verskuif.⁴⁰ Onder toesig van Potgieter se sekretaris, P.J. Pretorius, het die drie groepe gelyktydig die tog onderneem. Die rede vir Pretorius se teenwoordigheid met die verhuising was, volgens Potgieter, dat die drie leiers, onder invloed van die sendeling dr. Philip, gevrees het dat hulle tydens die tog deur Potgieter se volgelingen verhinder of selfs aangeval sou word. Potgieter het gevolglik aan hulle 'n pas voorsien om hulle gerus te stel en amptenare is langs die roete gemaan om die trek nie te verhinder nie.⁴¹

Aangekom by Buffeldoorn, deur hulle Mtlwang en deur die owerheid Machaviestat genoem, as blyk van die voorrang wat aan Machavie se vriendskap verleen is, het die drie stamme apart van mekaar gevestig om eers te “rus” alvorens verder na die Molopo versit sou word.⁴² Pretorius het beweer dat die drie groepe met “bag and baggage” verskuif het, maar in werklikheid het 'n aansienlike getal van Machavie se volgelingen onder toesig van sy broer, Mongala, by Thaba Nchu agtergebly.⁴³

Die verwagting was dat nie een van die drie groepe lank by Machaviestat sou vertoef nie, maar allerlei struikelblokke het opgeduik wat 'n spoedige verdere trek na 'n permanente vestiging in die wiede gery het. Een daarvan was die feit dat Moroka verkies het om in Thaba Nchu agter te bly en 'n skikking wat alle party sou bevredig om nie sonder sy samewerking bereik word nie. Samesprekings tussen hom, Potgieter en die ander drie hoofde het

hom nie van sy besluit laat afsien nie.⁴⁴ Aan die ander kant was hy nie bereid om van sy aanspraak op sy deel van die stamgronde af te sien nie omdat hy beweer het dat van sy mense nog daar woonagtig was. Ook was hy nie langer gewillig om Potgieter se oppergesag te erken nie. Om alles te kroon was hy nie bereid om die mense van Machavie wat nog by Thaba Nchu was te laat trek nie.⁴⁵ Daarnaas geld die onsekere verhoudings met die blankes wat nie Potgieter se gesag erken het nie. Aan die ander kant het Potgieter se versoening met die Natalse Volksraad en die bedanking van De Klerk as landdros die vooruitsigte op hervestiging van die Barolongs wes van die Schoonspruit enigins meer rooskleurig laat lyk. 'n Nuwe verwikkeling, Potgieter se verhuising na Ohrigstad in 1845, het sake egter beduiwel.

Ten tye van Potgieter se verhuising was die Barolongvestigingsvraagstuk nog nie opgelos nie. In 1882, toe die S.A.R. se wesgrens in die gedrang was, het President S.J.P. Kruger hom herinner dat hoewel grond op 'n vroeë stadium aan die drie kapteins toegewys is, Potgieter se verhuising, onluste in die Verrewes-Transvaal, "some neglect" aan die kant van die regering, blankes se plaasbesetting in die streek en twis tussen swart hoofde in die gewes die inspeksie van die stamgronde vertraag het.⁴⁶ Hierby moet gevoeg word Potgieter se nagmerrie dat die Britse regering na die anneksie van Natal, pas voor sy verhuising na Ohrigstad, ook Suid-Transvaal enige oomblik kon annekseer. Dit het sy belangstelling in die lotgevallen van die Tswanas, soos trouens van die Potchefstroomgewes in die geheel, laat taan.

Potgieter het sy betrekkinge met die Barolongs altyd met nougesetheid gehandhaaf, maar sy vertrek uit Potchefstroom is gevolg deur 'n tyd van spanning in die streek wat deur beide blank en swart aan gevoel is. Die Potchefstroomgebied, waar 'n militêre beheer na 1845 ingetree het, is uiters onbevredigend en sonder entoesiasme deur Potgieter en die Volksraad vanuit Ohrigstad, Lydenburg en Soutpansberg beheer.

Potgieter se verteenwoordigers in Potchefstroom, kommandant Stephanus Schoeman en veldkornet Jan Viljoen, het in die tyd die goeie betrekking tussen blank en swart in die gebied vertroebel. Onder hulle beheer was daar by die Barolongs 'n algemene gevoel van "onrust met de menschen (blankes)", selfs 'n vrees vir bloedvergieting.⁴⁷ In die jaar waarin Potgieter Ohrigstad toe is het Gontse se Ratlou die trekpas uit Machaviestat gekry "to go to our country". Hulle tydelike verblyf by Davidskraal naby Klerksdorp is ontwrig deur 'n voorval van veediefstal deur een van Gontse se mense sodat sy trek weswaarts 'n verdrywingstog geword het. Hulle het hulle uiteindelik by Setlagole, suid van Mafikeng, gevestig.⁴⁸

In 1848, sewe jaar na hulle vestiging in Machaviestad, het ook Tawana en Machavie weggetrek. Deurslaggewend vir eersgenoemde was die gevoel dat die boere sy volk wou dwing om vir hulle te werk. Na 'n lang tog het hy sy weg teruggevind na die ou stamgrond te Mafikeng wat deur Potgieter aan hom belowe is.⁴⁹ Sy opvolger, Montshiwa, sou, onder invloed van die Morawiese sendeling, Ludorf, daar 'n voortdurende bron van ergernis vir sy bure en die Transvaalse owerheid bly.⁵⁰

Machavie, die enigste oorblywende hoofman in Machaviestat, se betrekkinge met Potgieter was steeds baie goed en hy het hom selfs met 'n kommando teen die Bepedi's van Sekwati in Oos-Transvaal gesteun.⁵¹ Ook het hy met die agtergeblewe Potchefstromers in Maart 1874 'n formele vriendskapsverdrag gesluit vir onderlinge steun teen ander swart stamme "tot rust en welvaart van ons byde partyen".⁵² Maar in 1848 het ook hy Machaviestat verlaat. Anders as Tawana, wat hom in die uitsetting berus het omdat hy die begeerte gehad het om by sy voorvaders se grafte te sterf, was Machavie tevrede om by Machaviestat te bly in afwagting dat sy aanspraak op die nabygeleë Buisfontein en Hartebeesfontein uiteindelik erken sou word.⁵³ Maar Schoeman het die wêreld deur 'n ander bril betrag. Hy het, skynbaar sonder provokasie, Machavie gelas om Machaviestat te verlaat omdat swartes, volgens hom, nie grond mag besit het nie. Toe Machavie aarsel om te vertrek het Schoeman op 41 van sy beste beslag gelê en van sy hutte afgebrand.⁵⁴ Onder die indruk dat Potgieter nie langer oor die gebied beheer gehad het nie, wat nie ver van die waarheid was nie, het Machavie in 1848 agter die ander groepe aange-trek en by die Batlapinkaptein, Mahura, op die plaas Spitskop naby Taung gaan woon.⁵⁵ Schoeman se hardhandige optrede teen swartes het hom meermaal die ongenoeë van die publiek en amptenare in die omgewing van Potchefstroom, veral die van die landdros, op die hals gehaal.

4. Machaviestat 1848-1875

Soos reeds aangedui, is die plaas Buffelsfontein in 1850 vir 'n tweede keer opgemeet en was toe reeds as Machaviestat bekend. In 1855 is dit deur die staat as sekuriteit aangebied vir 'n lening van £75 wat as vestigingskoste vir ds. Dirk van der Hoff moes dien.⁵⁶ Drie jaar later is die plaas met 'n aangrensende stuk grond te koop aangebied as deel van die staat se poging om sy likiditeitsprobleme op te los en om ammunisie aan te koop.⁵⁷ Hierdie voorneme getuig van die owerheid se voortgesette eiendomsreg op Machaviestat. Teen die voorgenome verkoop het 114 Potchefstromers egter beswaar aangeteken.⁵⁸ Hulle argument was dat weens die snelle handels groei van die dorp daar 'n groot aantal transportryers op Potchefstroom gevestig was vir wie se trekdiere die dorpsgronde nie genoeg weiding sou bied indien Machaviestat verkoop word nie.

In 1858, 10 jaar na sy uitsetting, het Machavie versoek om na Machaviestat te mag terugkeer. Daarvoor het hy verskeie redes aangevoer. In die eerste plek was hy in 'n driehoekige stryd vasgevang tussen sy oproerige gasheer, Mahura, dié se neef Gasebone,⁵⁹ die Tlapingkaptein, en die staat met wie hy goeie betrekkinge wou handhaaf. Tweedens het hy verneem dat daar in Potchefstroom 'n nuwe bewindhebber was in die persoon van president M.W. Pretorius⁶⁰ met wie se vader hy op goeie voet verkeer het. Derdens geld die feit dat Machaviestat dorpsgrond gebly het en dus weereens vir sy mense se vestiging beskikbaar was.

'n Ontmoeting tussen Machavie en die President, wat gevoel het dat die Barolongs verontreg was,⁶¹ het uitloop op 'n versoek aan die regering om weer 'op het grond

gebied van het Distrikt Potchefstroom te omen mogen wonen".⁶²

Die toestaan van die versoek het 'n kompromis tussen die behoeftes van die dorpsbewoners en die van Machavie teweeggebring. Die plaas is naamlik tot beide se beskikking gestel. Aan Machavie se volgelinge is naas woongebied, ook saagrond en weidingsregte op Machaviestat toegeken, maar hulle is nie toegelaat om Potchefstromers se vee te skut nie. Met die twee besetting van Machaviestat is die plaas dus weer uitdruklik as dorpsieendom omskryf en was dit kennelik steeds die bedoeling dat die bewoning daarvan deur die Machaviemense tydelik sou wees. Die plaas is weer op 15 Desember 1859 geïnspekteer.⁶³

Die tweede besettingsperiode van Machavie het nie met soveel wedersydse toegeneentheid verloop as die eerste nie. Druk op hom om arbeiders aan die staat, munisipaliteit en dorpenaars te voorsien het toegeneem. Die munisipaliteit se uitgangspunt was dat

"uit gebrek aan handen zy niet in staat zyn aan de ZA Republiek de noodig hulp en assistentie te bewyzen en verder hen (die swartes) aan dienstbaarheid te gewennen tot welzyn van land en volk."⁶⁴

Soos reeds aangedui, het Tawana in 1848 oor dieselfde klage Machaviestat verlaat.⁶⁵ Inderdaad hou die aanvanklike plasing van die Barolongs in Machaviestat deur Potgieter moontlik verband met die voorsiening van arbeiders aan die dorp, maar daar is nie afdoende bewyse daarvoor nie.

Met Machavie se tweede besetting was sodanige arbeidsvoorsiening, minstens aan die staat en munisipaliteit, bepaaldelik in die vestigingsvoorwaardes inbegrepe. Van hom is verwag om op 'n kwotabasis van sy mense aan die staat te voorsien vir posvervoer, dryf en toulei vir staatskspidies en aan die munisipaliteit vir polisie diens en straat- en watervoorinstandhouding. Ten spyte van goeie lone was die arbeid, weens die gedwonge aard daarvan, ongewild.⁶⁶

5. Verhuising na Polfontein

Herhaalde samesprekings in die vyftigerjare tussen eers Andries Pretorius en na hom president M.W. Pretorius met die Barolongs om 'n finale tuiste vir die verskillende groepe in die Molopogewes te identifiseer, het nooit verder gekom as die erkenning van die Schoonspruit as algemene, vae en al meer onhaalbare grens nie. Regeeringswoordvoerders het steeds by samesprekings gewys op die groot uitgawes wat blanke boere wat in die gebied wat Potgieter aan die Barolongs beloof het gevestig was aangegaan het. Hierdie toedrag van sake is deur al die Barolongkapteins behalwe Montshiwa⁶⁷ aanvaar, sodat die grens later aansienlik weswaarts na die Hartsrivier verskuif is.⁶⁸

Teen 1874 het 'n sameloop van faktore daartoe gelei dat Machavie uiteindelik 'n permanente nedersettingsgebied aan die Molopo bekom het. Eerstens het daar in die gewes 'n uitsonderlike tydperk van kalmte geheers nadat die Keateuitspraak van 1873, waardeur gepoog is om

groot dele van Verrewes-Transvaal van die S.A.R. af te neem, deur die Republiek verwerp is. Tweedens is M.W. Pretorius as president deur T.F. Burgers opgevolg. Hy het juis as gevolg van die swak hantering van die wesgrensvraagstuk deur sy voorganger aan bewind gekom en dit was vir hom 'n prioriteit om alle probleme in dié gebied by te lê.

Machavie, wat die enigste Barolongleier was wat nog op goeie voet met die regering verkeer het, is deur Burgers opgesoek en aan hom is die belofte gemaak dat die tuisland, waarop hy reeds 40 jaar gewag het, hom sou toekom. Op aanbeveling van 'n kommissie wat grondaansprake op die wesgrens ondersoek het, is die plaas Polfontein (Lotlakani of Bodibe)) wes van Lichtenburg in 1872 vir Machavie aangekoop.⁶⁹ Die plaas was voorheen deur die Barotsekaptein, Moilo, bewoon.

Machavie het steeds die belange van die seksie van die Rapulana wat in Thaba Nchu agtergebly het op die hart gedra en voortdurend deur bemiddeling van amptenare oor hulle lot met Moroka onderhandel.⁷⁰ Toe die toekening van Polfontein beklank is, het hy hom voorgeneem om nie te verskuif tensy sy mense van Thaba Nchu saamgaan nie. Hierdie keer is daar direk deur die Transvaalse en Vrystaatse regerings oor die saak onderhandel. Deur bemiddeling van president Brand is 'n skoorvoetende Moroka ooreed om Machavie se onderdane by Thaba Nchu vry te laat om na Polfontein te verhuis.⁷¹

Machavie, wat baie ingenome was met die reëlings vir sy verhuising en met die bylegging van die twis met Moroka, het nuwe verset uit 'n onverwagse oord op die lyf geloop.

Die merendeel van die 170 gesinshoofde in Machaviestat self het naamlik geweier om te verhuis. Die gefrustreerde Machavie het van hulle waens en gewere gekonfiskeer en, toe dit nie help nie, het hy in April en weer in Augustus 1874 met van die onwilliges by landdros Goetz opgedaag en hom versoek om hulle te dwing om die verhuising mee te maak. Toe Goetz van die probleem wegstrem deur te verduidelik dat jurisdiksie oor die Machaviestatters by die munisipaliteit gesetel het, het Machavie hom daaraan herinner dat sy oënskynlike simpatie met die weerspanniges dwarsboming van 'n regeringsbesluit was. Goetz het hom tot Burgers gewend.⁷² Het sy gebrek aan ferme optrede verweer deur daarop te wys dat die Machaviestatters nie oor die verskuiwing deur Machavie geraadpleeg is nie en verkies het om hulle arbeid aan die Potchefstromers te verhuur eerder as om met hulle gesinne en goedere die lang trek na die onrus belaaide Polfontein te onderneem. Ook Machavie het hom deur 'n prokureur op Burgers beroep.⁷³

Die President was nie in 'n luim om die insiklike Machavie in die steek te laat nie en het Goetz in Mei in geen onsekere terme gelas om toe te sien dat al Machavie se mense onverwyld na Polfontein verskuif. Sy vermaning dat "het van het aller grootste belang is dat hierin geen tyd verzuim word"⁷⁴ dui op iets meer as geïrriteerdheid met die Landdros, en hou moontlik met nuwe onrus wat aan die broei was in die Molopo waar Montshiwa ook op Polfontein aanspraak gemaak het verband.⁷⁵ Burgers was siek en kon nie die gewensde persoonlike aandag aan die saak gee nie.⁷⁶

Burgers se vasbeslotenheid om sy bondgenoot in Polfontein gevestig te kry, is benadruk deur 'n skrywe van die staatsekretaris aan Goetz iets meer as 'n maand later om weereens te maan dat al Machavie se volgelinge die verhuising moes meemaak.⁷⁷ Binne drie weke na ontvangs van die brief het die getugtigde Goetz bevestig dat Machavie vertrek het.⁷⁸ Goetze het die verantwoordelikheid vir die verhuising op die stadsraad as eienaar van Machaviestat afgeskuif en twee maande later, op 10 November, het hy in 'n brief aan die stadsraadsekretaris sy ontsteltenis uitgespreek dat hy ontdek het dat 'n groot gedeelte van Machavie se volk hulle steeds op Machaviestat bevind het. Hierdie verloop van sake was ook vir Machavie 'n groot teleurstelling. Wat hy aan getalle uit Thaba Nchu gewen het, het hy in Machaviestat verloor.⁷⁹ Hy is ok spoedig ontnugter oor die houbaarheid van Polfontein as vestigingsgebied en oor die onrus wat weereens op die wesgrens geheers het.⁸⁰

6. Machaviestat 1875-1889; toesig deur die munisipaliteit

Voortspruitende uit 'n dorpsraadskern wat reeds in 1853 in die lewe geroep is en as gevolg van agitatie deur dorpenaars en die pers is munisipale bestuur vir Potchefstroom in 1869 ingestel.⁸¹ Al die dorpsgronde is op die munisipaliteit getranspoteer.

Die stadsraad het in 1873, d.w.s. pas voor die verskuiwing van Machavie na Polfontein, gemeen dat Machaviestat nie deel van die dorpsgronde uitgemaak het nie,⁸² moontlik weens die buitengewone status daarvan. Die regering het Machaviestat egter wel as beheerende tot die dorpsgronde geag, op die munisipaliteit getranspoteer en geen regte oor die beskikking daarvan voorbehou nie.⁸³ In alle daaropvolgende beskrywings na die dorpsgronde is Machaviestat daarby ingesluit.⁸⁴

Omdat die administrasie van Machaviestat dus in die hande van die munisipaliteit was, is die administratiewe geskiedenis van die stat en sy bewoners na Machavie se vertrek hoofsaaklik in die notules as korrespondensie van die stadsraad te vinde.⁸⁵

Munisipale beheer en die feit dat Machavie self nie meer daar gevestig was nie het 'n ingrypende statusverandering vir die Machaviestatters meegebring. Allereë is hulle bande met Machavie uitgerafel. Machavie het vir 'n tyd lank na sy vertrek nog teenoor sy prokureur, F. Kleyn, die hoop uitgespreek dat al sy volgelinge onder hom sou verenig,⁸⁶ maar met Kleyn se dood in 1875 en Machavie s'n deur weerlig in 1885⁸⁷ is die bande deurgesny.

Die stadsraad se beleid m.b.t. Machaviestat was nie soos die van die President polities van aard nie, maar finansiële en demografies. Aanvanklik was die stadsvaders gekant teen die voortbestaan van die stat omdat hulle gevoel het dat die grond wat andersins meer lonend aangewend kon word. Gevolglik is die hutte wat Machavie ontruim het plat geslaan om die besetting daarvan deur ander swartes te verhoed, maar van dié beleid is spoedig afgesien.

Na Machavie se vertrek was daar onder die Machaviestatters geen erkende gesagsfiguur nie. Hulle skakeling met die munisipaliteit het voortaan deur twee segsmanne, Jan Captyn en Quaga (Rraoagwa) geskied. Onder hulle aanhangers was ook nie-Barolong-elemente.⁸⁸ Hoe dit

gebeur het dat hulle die leierposisies beklee het, is nie duidelik nie. Hulle is of verkies of, soos die geval was met hulle opvolgers aan die begin van die 20ste eeu, direk deur die munisipaliteit aangewys ten einde skakeling te vergemaklik. Sodanige skakeling kon of direk geskied of deur die opsigter van die dorpsgronde gevoer word.

Die bewoners van Machaviestat is voortaan as pagters gereken en die voorwaardes vir hulle verblyf is kontraktueel bepaal deur 'n ooreenkoms wat die munisipaliteit met die segsmanne in hulle persoonlike hoedanigheid aangeneem het. Hulle was verantwoordelik vir die insameling van £1 jaarlikse huurgeld van elke manspersoon bo die ouderdom van 20. Onder Jan was aar 67 sulkes en onder Quaga 28. Die kontrak is jaarliks in Januarie hersien. Dit was allereë duidelik dat die segsmanne min aansien onder die Machaviestatters geniet het⁸⁹ en ernstige probleme met hulle moes gereeld na prokureurs verwys word.⁹⁰ Dienslewering aan die munisipaliteit was steeds verpligtend.

Die invordering van huurgeld was 'n groot probleem. Die segsmanne is meermale daarvoor deur die stadsraad tot verantwoording opgeroep en by wanbetaling beboet, wat die vermoede laat ontstaan het dat hulle deur die munisipaliteit gesalarieer is.

Weens die verminderde getal swartes wat na Machavie se vertrek daar bly woon het, is Machaviestat, met uitsondering van die bewoners se hutte en landerye, vanaf die einde van 1877 by wyse van 'n jaarlikse veiling aan blankes verpag.⁹¹ Hierdie gebruik dateer uit die Britse regeringstydperk van 1877-1881 en hou waarskynlik verband met toenemende finansiële druk op die munisipaliteit. Die dubbele verpagtingstelsel het allerlei probleme opgelewer.

Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 is die munisipaliteit se werksaamhede onderbreek en op twee vergaderings na het die stadsraad nie weer voor November 1884 herleef nie. Hoe die sake van Machaviestat gedurende die vierjarige tussenperiode verloop het, is nie duidelik nie. Beheer oor die stat, soos oor die dorp, het teruggeval op die landdros. Die omvattende ontwriging wat die oorlog meegebring het en die prioriteit wat aan heropbou gegee moes word het aan hom in tyd vir aandag aan Machaviestat gelaat. Toe die stadsraad weer sy werksaamhede in 1884 hervat het, is die gebrek aan kontinuiteit beklemtoon deurdat al die stukke van die raad tydens die gevegte in die landdroskantoor in Desember 1880 verlore geraak het. Navrae van die kant van die nuwe raad aan die landdros oor die toedrag van sake waarvoor hy nou weer beheer moes uitoefen, het eweneens min positiefs opgelewer.⁹²

Dit het geblyk dat 'n gedeelte van Machaviestat steeds aan 'n blanke verhuur was en dat heelwat probleme daaruit ontstaan het, veral oor die verdeling van saai-grond.⁹³ Daar was toe ook 'n derde swart segsman, Malieka.⁹⁴

Teen die tyd dat die stadsraad sy werksaamhede hervat het was dit skynbaar steeds die standpunt dat die bewoners van Machaviestat se verblyf nie permanent was nie en dat ook hulle in een of ander stadium verskuif sou word. Daarvoor het die stadsraad geen beheer gehad nie.⁹⁵

Uit die oogpunt van die stadsraad het die verpagting van 'n gedeelte van Machaviestat aan blankes onhoudbaar geblyk. Die saak het lank reeds gekwel, maar die stadsvaders het 'n finale beslissing oor die saak steeds uitgestel.⁹⁶ Op 28 Januarie 1885 is besluit om Machaviestat sy die geheel aan sy swartbewoners te verpag. Dit sou op dieselfde basis geskied as wat vroeër met blankes die geval was. Die bewoners moes nl. 'n gemeenskaplike huurtender voorlê. Hulle aanbod van 'n jaarlikse £2 per "Huishoudende" man is deur die raad aanvaar en 'n gesant, M.C. Douthwaite, is gestuur om die aangeleentheid met die segsmanne van die bewoners te bespreek.⁹⁷ Opvolgsgesprekings is in die kantore van die stadsraad met Quaga en 'n verteenwoordiger van Maselwane (Andries Salon), Jan Captyn se opvolger gevoer.

Die nuwe reëling het die goedkeuring van die inwoners weggedra. Hulle het na die vertrek van Machavie steeds die verwagting gekoester dat hulle permanent in Machaviestat sou kon bly en daarvoor was dié vooruitsigte nou beter as ooit tevore. Die nuwe ooreenkoms ten opsigte van verblyfplek, landerye, suipingsregte, skutregte en die wyse waarop die huurgeld ingevorder moes word, is met die bewoners en hulle segsmanne indringend bespreek. 'n Huurkontrak is opgestel en in Maart deur al die partye onderteken.⁹⁸ 'n Aparte ooreenkoms is met Malieka aangegaan; moontlik omdat sy groep minstens gedeeltelik op gronde buite Machaviestat gewoon het. Die kontrakke was jaarliks hernubaar.

Daarna het die Machaviestatters hulle van tyd tot tyd tot die stadsraad gewend vir die regstelling van onderlinge geskille.⁹⁹ In sulke gevalle is nie slegs getuienis aangehoor nie, maar telkemale is 'n kommissie benoem om stekelrige sake te ondersoek.

Drie jaar na Machavie se dood het sy opvolger, Andries Machavie genoem en self 'n voormalige inwoner van Machaviestat, die stadsvaders versoek om "nu weder de gronden te mogen hebben op Matjavestat welke vroeger door zijn vader gebruikt werden derwyl Machaviestat sedert verhuurd is aan andere Kaffers."¹⁰⁰ In weerwil van die regering se standpunt in 1872, toe Machavie na Polfontein verskuif het, het die stadsraad 'n kommissie benoem om vas te stel hoeveel onbewoonde grond daar nog in Machaviestat was, maar, moontlik omdat die stadsraad op die stadium met die ontwikkeling van 'n lokasie aan die suiddorp besig was, het die versoek nie weer voor die stadsraad gediën nie.

In 1888 het daar van regeringskant 'n versoek gekom dat Machaviestat tot lokasie verklaar moet word; 'n bedekte erkenning van die permanentheid daarvan as 'n swart woonbuurt. Die rede vir die versoek was egter tegnies van aard. Die bestaande Lokasiewetgewing¹⁰¹ het naamlik bepaal dat nie meer as vyf swart huisgesinne op een plaas mag woon nie en daar is gevoel dat Machaviestat 'n gevaarlike president sou skep indien dit nie as lokasie geproklameer word nie. Na 'n lang debat het die stadsraad in September 1888 ingewillig om aan Machaviestat tydelike lokasiestatus te verleen.¹⁰² Hiervoor was Piet Joubert, die Superintendent van Naturellen, te vinde, maar die regering het daarna besluit dat Machaviestat 'n unieke posisie beklee wat nóg deur die dorpsregulasies van Potchefstroom, nóg deur swart administrasiewetgewing ondervang kon word.¹⁰³

Die stadsraad het tot met die ontbinding van die liggaam in 1889¹⁰⁴ met deernis na die belange van die Machaviestatters omgesien. Aan blankes wat op hulle grond en regte inbreuk gemaak het, is hulle telkens as die wettige huurders uitgewys en geen "verkorten" van hulle regte is geduld nie.¹⁰⁵ Na ontbinding van die munisipaliteit is hierdie houding deur die staat voortgesit toe Machaviestat deur die dorpsveldkornet geadministreer is.

Aan die ander kant het die stadsraad nooit sy eiendomsreg op Machaviestat gekompromiteer nie. So is in November 1888 tenders vir die oprigting van telegraafpale en vir die uithaal van bome op machaviestat toegeken sonder dat die inwoners geraadpleeg is.¹⁰⁶ Die twee segsmanne was ook steeds aan die stadsraad verantwoordelik en daarna aan die landdros vir die insameling van huurgeld.¹⁰⁷

Die vestiging van Machaviestat en die betrekkinge tussen die republikeinse owerhede en die bewoners, of minstens die aanvanklike bewoners, is 'n toonbeeld van gesonde samewerking en inter-afhanklikheid. Dieselfde is waar vir die tydperk van plaaslike owerheidsbestuur. Gedwonge verplasing om politieke oorwegings het vir die regering geen kort- of langtermyn baat ingehou nie en vir die Machaviestatters politieke spanning en skeuring gebring. Diegene onder die swartes en blanke dorpenaars wat die verhuising teengestaan het, het ekonomiese oorwegings voorop gestel en uiteindelik die meeste by hulle geslaagde verzet gebaat.

ENDNOTE

1. News Update, Desember 1992. Tshipi e Ntsho (Man van Yster). Historical origin of the *Barolong-b-ga modiba*. *Barolong and the Voortrekkers (Afrikaners)*; Potchefstroom Herald, 4/1/91, 8/1/91, 12/4/91; City Press, 20/4/92, 26/4/92; Sowetan, 7/1/91; New Nation, 17/1/91.
2. Vir 'n meer omvattende geskiedenis van die Barolongs sien Transvaal Native Affairs Department. A Short history of the Native Tribes in the Transvaal. Herdruk nr. 24. (Pretoria, 1968); P.L. Breutz. *The tribes of the Mafikeng District*. Department of Native Affairs. Ethnological Publications, no. 32. (Pretoria, 1955); C.J. Maritz. *Voortbestaan en nasievorming by die Batswana van die RSA* (D. Litt., P.U. vir C.H.O., 1976); S.M. Molema. *Montshiwa 1815-1896*. (Cape Town, 1966); I. Shaper. *The Tswana* Herdruk. International African Institute. (London, 1962); C.R. Kotze. *Die geskiedenis van die Barolong veral die Baseleka-Barolong tot 1951* (M.A., U.O.V.S., 1939); G.M.K. Schler. *Die Barolong van Thaba Nchu, O.V.S.; 'n Studie van Kultuurverandering* (D.Phil., U.S., 1956).
3. Vir hierdie bewegings kyk Schüller. *Kultuurverandering*, kaart, p.27.
4. Hierdie naam, wat deur die blankes aan hom gegee is, word in hierdie artikel gebruik omdat dit met Machaviestat vereenselwig word. Sy werklike naam was Matlaba.
5. Gevolglik skryf die bronne verkeerdelik al die hulp wat die Voortrekkers van die Barolongs ontvang het uitsluitlik aan hom toe. Maar kyk P.J. van der Merwe. *Die Maetebele en die Voortrekkers. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1986, deel II, (Staatsdrukk. Pretoria, 1986), p. 141 en *Evidence taken at Bloemhof before the Commission appointed to investigate the Claims of the South African Republic, Captain N. Waterboer, Chief of West Griqualand and certain other Native Chiefs, to portions of the Territory on the Vaal River known as the diamond fields (hierna Evidence)*. (Cape Town, 1871); C3841. 1884. *Transvaal. Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal*. Enclosure 2/90, p.113 e.v. Getuienis van Transvaalse deputasie, November

- 1883 (hierna *Correspondence*); C3219. *Commissioners appointed to inquire into and report on all matters relating to the Settlement of the Transvaal Territory*, part II. (hierna *Report*).
6. *Evidence*. Verklaring van Moroka, p.137.
 7. *Evidence*. Verklaring van Moroka, pp. 136-7; Verklaring van Mongala, p.144; Verklaring van Machavie, p.261; *Correspondence*, p.113.
 8. Die mees gesaghebbende werk oor die voorbereidings, samestelling en verloop van die twee ekspedisies teen Mzilikazi is Van der Merwe. Die Voortrekkers, p.135 e.v. Die beste korpus van tydgenootlike geskiedenis hieroor tot met die vestiging van Machavistat is *Evidence*. Die oorspronklike Nederlandse transkripsie van die getuie is in TAB. SS463. Vir hierdie artikel is hoofsaaklik van die gepubliseerde Engelse weergawe gebruik gemaak. Omdat die verklarings verband hou met die Diamantveldedispuut tussen die Z.A.R. en O.V.S. enersyds en swart aanspraakmakers andersyds, moet die getuie met groot versigtigheid hanteer word: H.S. Pretorius en D.W. Kruger (reds.). *Voortrekker Argiefstukke* (hierna VAS) (Pretoria, 1937). R20/38, art. (8)9, p.31.
 9. G.S. Preller (red.). 1922. *Voortrekkermense*, deel III (Pretoria, 192). Herinneringe van A.H. Potgieter jr., p.22; C. Potgieter en N.H. Theunissen. *Hendrik Potgieter*. (Johannesburg, 1938), p.83; *Evidence*. Verklaring van Moroka, p.137; Verklaring van Mongala, p.140; Verklaring van J.H. Visser, p.250; Verklaring van Molema, p.144; Letter no. 8. Montshiwa aan Ho-Kommissaris, 28/8/68, p.154; John Mackenzie. *Austral Africa*. (London, 1897) pp.58-62 (Aangehaal in Breutz. *Tribes*, p.15); Van der Merwe. *Voortrekkers*, p.142.
 10. *Evidence*. Verklaring van Moroka, p.136, 137; Verklaring van Molema, p.144; Verklaring van Montshiwa, p.154; Verklaring van Machavie, pp.261-2; VAS, R20/38, art. 4; G.S. Preller. *Deel III*, pp.147-8; *Evidence*. Verklaring van Mongala, p.140; J.H. Breytenbach (red.). *S.A. Argiefstukke Transvaal 4*. (Pretoria, 1960), Bylaag 38/63, 1/9/63, p.510.
 11. Van der Merwe. *Voortrekkers*, p.137-8. Potgieter het die bydrae beskryf as 'een kleyn assistentie', maar daarmee bedoel hy waarskynlik die omvang van hulle deelname aan die geveg self eerder as hulle getalle (VAS, R20/38, art. 5, p.30); Kyk ook *Correspondence*, p.113.
 12. Hoewel hy vor die Bloemhof-kommissie verklaar het dat Machavie sy verteenwoordiger op die kommando was (p.137), is dit deur Machavie ontken. Kyk ook *Evidence*. Verklaring van Molema, p.28 e.v.
 13. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.262, 265; Verklaring van G.J.J. van Vuuren, p.256; Sien ook TAB. SN123. Traktate met swart hoofde. Verklaring van Montshiwa, 24/7/70.
 14. Hy het skynbaar 'n aparte verdrag met Moroka gesluit (G.S. Preller (red.). *Voortrekkermense. Deel II. Dagboek van Erasmus Smit*. (Pretoria, 1920), pp.147-8. Dit is nie duidelik wat die aard daarvan was nie.
 15. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.262. Mongala, 'n onderkaptein van Moroka, het beweer dat hy ook saam was, waarskynlik met die Uys-afdeling, maar dat hy geen vee ontvang het nie (p.140).
 16. TAB. SS463. Getuie van Molema, p.258.
 17. Potgieter en Theunissen. *Potgieter*, beweer dat hy dit reeds op 12 November pas na die Sewe Dae Slag in sy laer gedoen het. Ongeveer 'n jaar later het hy dit teenoor die Kaapse goewerneur herhaal (VAS. R20/38, p.29); R141/48, p.136.
 18. VAS. R20/38, art. 4, p.30; R141/48, p.318; *Evidence*. Verklaring van J.L. Pretorius, pp.198-200; SS463. Verklaring van H.J. van der Merwe, p.333.
 19. VAS. R20/38, p.29.
 20. VAS. R141/48 p.316. Die getranskribeerde teks noem hulle "Maslubie, Jawana geist(?)" Die laaste woord moet Gontse wees.
 21. Naas die bronne waarna reeds verwys is, is verdere verklarings oor die verhuising opgeteken in regeringskommissieverslae wat om die hervestiging van die Barolong gewentel het. Die belangrikste hiervan is gebundel in TAB. SN123. Sien veral die van Klipdrif, 25/8/70 en Malopo, 16/11/70. Hulle is minder omvattend as *Evidence*.
 22. *Evidence*. Verklaring van Mongala, p.140.
 23. Kyk Gert van den Bergh, *Voortrekker plaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld: 'n versteurde beeld*. S.A. Tydskrif vir Landmeetkunde en Kartering. Desember, 1990, p.303.
 24. TAB. RAK2433. "De Klerk Register". Folios 126-142 vir voorbeelde.
 25. *Evidence*. Verklaring van Mongala, p.140; Verklaring van J.L. Pretorius, p.198.
 26. TAB. SS463, p.239, 240, 248.
 27. *Evidence*. Verklaring van J.L. Ludorf, p.175; J.D. Huyser. *Die Naturelle politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek* (D.Lit., U.P., 1936), p.55; Report. Verklaring van S.J.P. Kruger, p.40 e.v.
 28. *Evidence*. Verklaring van Tawana, p.144; Verklaring van Mongala, p.140; Getuie van Machavie, p.263; Verklaring van J.L. Pretorius, p.199. Lg. het verklaar dat hierdie dokument in Potgieter se besit gebly het, maar dit is waarskynlik saam met die "Potgieter Argief" in Schoemansdal vernietig. Ander dokumente wat sodanige ondernemings bevat het en deur Moroka bewaar is, is ook deur 'n brand vernietig (Verklaring van Moroka, p.139); sien ook Maritz. *Nasiewording*, p.311.
 29. G.S. Preller (red.). *Voortrekker Weigewing 1839-1845* (Pretoria, 1924). Volksraadsnoturle (hierna VRN0, 29/0/40, art. 8, p.77; VAS R91i/42, p.160.
 30. *Evidence*. Verklaring van Mongala, p.140; Verklaring van Machavie, p.264; verklaring van Moroka, p.138; Verklaring van Molema, p.144; Verklaring van J.L. Pretorius, p.198; TAB. SN123. Verslag van 1870-kommissie. Verklaring van Machavie.
 31. Kyk Van den Bergh. *Plaasbesetting*, p.303.
 32. Dit het ook gegeld vir nie-Barolongstamme, soos die Batlapins wat in Wes-Transvaal woonagtig was voor die Voortrekkers se koms. So het hy bv. vir Mathibe toegelaat om by Kuruman aan die Hartsrivier te bly woon tot tyd en wyl hy 'n finale skikking kon bolwerk. (*Evidence*. Verklaring van J.L. Pretorius, p.199); Kyk ook *Evidence*. Verklaring van Moilo, p.316; Verklaring van Machavie, p.263; *Report* pp.40-42.
 33. *Evidence*. Verklaring van J.L. Pretorius, p.198.
 34. Van den Bergh. *Plaasbesetting*, p.307.
 35. *Evidence*. Verklaring van J.L. Pretorius, p.198; VAS. R91i/42, pp.159-160 waaruit dit blyk dat die sendeling John Philip vrees in die verband onder die Barolongs by Thaba Nchu gaande gemaak het.
 36. TAB. RAK2434. Plaasregister. Folio 5. Inskrywing 75.
 37. TAB. RAK 2434. Plaasregister; Registrateur van Aktes. Copy Inspekties Potchefstroom, nr. 34.
 38. TAB. RAK 2434. Plaasregister; *Transvaal 3* Bylaag 9/45, p.175.
 39. J.H. Breytenbach (red.). *SA Argiefstukke. Tranvaal 2* (Parrow, 1950). VRN November 1853, art. 102, p.187; J.H. Breytenbach (red.). *SA Argiefstukke. Transvaal 3* (Parrow, 1956) VRN 1/6/55, art. 70, p.175; *Transvaal 3*. Bylaag 9/45, p.175.
 40. Tshipi e Ntsho meen verkeerdelik dat slegs twee groepe, die van Machavie en die mindere groep Modiboas onder Ntshinogang, in Machavistat gevestig het. Oor lg. swyg die bronne.
 41. VAS. R91i/42, p.158; Molema. *Montshiwa*, p.31; Sien ook pp.30-31 vir sy beskrywing van die trekroete; *Evidence*. Verklaring van J.L. Pretorius, pp.198-9.
 42. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.264. Vir hulle vestigingspatroon by Machavistat sien Molema. *Montshiwa*, p.31.
 43. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.263.
 44. *Evidence*. Verklaring van Machavie, pp.263-4; Verklaring van J.H. Visser, p.252.
 45. Breutz. *Tribes*, p.264; *Evidence*. Verklaring van Moroka, pp.138-9; Verklaring van J.H. Visser, pp.249-250; J.H. Breytenbach (red.). *SA Argiefstukke. Natal 1. Notule van die Natalse Volksraad*

- (Kaapstad, 1959). Byvoegsel tot Bylaag 19/42, nr. 6, p.427; TAB. SN123. November 1870- samesprekings, Verklaring van Machavie.
46. *Report*, pp.40-2; TAB. SN123. Protesekrif van Montshiwa, 24/7/70; Maloposamesprekings. Verklaring van Moroka se seun.
 47. TAB. SN123. Samesprekings. 24/7/70. Verklaring van Montshiwa.
 48. *Evidence*. Verklaring van Matlabane, p.181; Verklaring van H. van der Merwe, p.217; Malema. *Monshiwa*, p.31.
 49. *Evidence*. Verklaring van Molema, p.144; *Report*, p.41. Volgens Kruger het hy 'n ruk lank by die Schoonspruit vertoef terwyl sy grond in die Mafikeng gebied opgemeet is.
 50. Vir sy geskiedenis sien Molema. *Monshiwa*, p.74.
 51. Molema. *Montshiwa*, p.74.
 52. *VAS*. R121/47, p.269.
 53. *Evidence*. Verklaring van Molema, p.144.
 54. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.262.
 55. *Evidence*. Verklaring van Machavie, pp.263-4; Kyk ook O.J.O. Ferreira. *Stormvoël* van die Noorde. Pretoria, 1978).
 56. *Transvaal* 3. VRN, 13/6/55, art. 87, p.61.
 57. *Transvaal* 3. Bylaag 29/58, p.575 e.v., art. 577; Staatscourant. 15/7/58.
 58. *Transvaal* 3. Bylaag 30/58, p.577.
 59. P.L. Breutz. *Gasebone*. SABW III, (Kaapstad, 1977), p.327.
 60. *Evidence*. Getuienis van Machavie, p.265.
 61. TAB. SN123. Samesprekings, 30/12/51.
 62. TAB. Uitvoerende Raadsnotule (hierna URN), 22/4/59, art. 6.
 63. Registrateur van Aktes. Transportakte 964/1873, 11/7/73.
 64. *Transvaal* 2. Bylaag 136/53. Memorie van inwoners van Potchefstroom, September 1853, art. 5, p.530.
 65. TAB. R276/51; R260/51 verwys na voorvalle an die aard.
 66. TAB. R426/62; URN. 22/7/65, art. 1; Landdros Potchefstroom 3. Posmeester – landdros, 9/2/66, 18/5/67; Landdros Potchefstroom 36, p.63, 77. Staatspresident – landdros, 8/5/67; *Transvaal* 3. Bylaag 35/58. Veldkornetinstruksies, art 56, p.594.
 67. TAB. SN123. Samesprekings, 24/7/70.
 68. TAB. SN123. Verslag van samesprekings 30/12/51, 14/10/53; R519/53, p.329.
 69. TAB. URN. 9/8/73, art. 138. In 1886 is, na verdere onluste op die wesgrens, ook die aangrensende plaas Driefontein en, later, Uitgeput en Rietschraal bygevoeg. Tshipi e Ntsho meen dat lg. twee bepaaldelik vir diegene wat van Thaba Nchu gekom het bedoel was.
 70. *Evidence*. Verklaring van Machavie, p.263; TAB. R752/72, 8/6/72.
 71. TAB. R752/72, 8/6/72; R1501/74, 29/9/73; BB1156/74, 19/8/74; URN. 22/7/72, art. 42; 24/8/72, art. 10; 23/12/72, art. 92; Breutz. *Tribes*, p.264; Molema. *Monshiwa*, p.75.
 72. TAB. R1242/74, 31/8/74.
 73. TAB. R1375/74, 21/9/74; R2004/74, 31/11/74.
 74. TAB. BB719/74. Staatsekretaris – Machavie, 16/5/74; BB1156/74. Staatsekretaris – landdros, 19/8/74.
 75. Molema. *Monshiwa*, p.75; TAB. 697/85, Staatsekretaris -Machavie, 20/4/75; BB1487/74, staatsekretaris – Machavie, 20/11/74.
 76. TAB. BB697/75. Staatsekretaris – Machavie, 20/4/75; BB1487/74. Staatsekretaris – Machavie, 20/11/74; BB1759/74. Staatsekretaris – Machavie, 23/12/74.
 77. TAB. BB130/74. Staatsekretaris – landdros, 25/9/74; Kyk ook R1242/74. Landdros – staatsekretaris.
 78. TAB. R1594/74, 19/10/79.
 79. TAB. Landdros Potchefstroom 36. Nr. 559, p.81; R882/75, 16/4/75, 27/4/75.
 80. TAB. R822/75, 8/4/75; R1300/76, s.a.; R2976/75, 16/4/75.
 81. TAB. Landdros Potchefstroom 161. Notule van landdroshof, 30/3/54.
 82. TAB. R1833/73, 15/11/73. Die stadsraad het die dorpsgronde beskryf as begrens deur die Mooirivier en die plase Modderfontein, Haaskraal, Nootgedacht en Machaviestat; Registrateur van Aktes. Transportaktes 863/73; 964/73; 965/73; URN 15/12/68, art. 67.
 83. Registrateur van Aktes. Transportaktes 965/1873. Potchefstroom drop en dorpsgronde, 15/7/73; 964/1873. Machavies-tat (volgens inspeksie van 1859), 11/7/73.
 84. Byvoorbeeld onder die Britse bewind 1877-1881. Proclamation 28/10/80; Jeppe, F. (red.). *Locale Wetten der Z.A.R.*, deel I (Pretoria, 1887). Wet 11/83, art. 8, p.951.
 85. Potchefstroom Museum. Die eerste band van die notule, wat die tydperk voor 1875 dek is verlore. Die oorblywende drie dele strek tot 16/1/89, toe die liggaam ontbind is. Die enigste briewekopieboek wat opgespoor kon word dek die periode Desember 1884 tot Januarie 1889. Geen inkomende korrespondensie is gevind nie.
 86. TAB. R882/75, 16/4/75.
 87. TAB. R732/86, 5/2/85.
 88. Hieroor is geen sekerheid nie. Tshipi e Ntsho beweer dat hy Ntshinogang, die leier van die Moidiboafaksie was, maar hy misgis hom in etlike opsigte, bv. deur die bewering dat hulle onmiddellik na die tweede ekspedisie teen Mzilikazi reeds op Machavistat gevestig het en dat dit hoofsaaklik hulle was wat na Machavie se vertrek na Polfontein agter gebly het. Sodanige aansien rym ook nie met die feit dat hy 'n minderheid aanhangers gehad het nie.
 89. TAB. R8530/99, 20/9/88; R8544/88; R630/88, 19/8/88; Notule Munisipaliteit. 19/9/88; Briewekopieboek. 425, 20/9/88; 428, 22/9/88. Notule Munisipaliteit, 12/2/75, art. 5.
 90. Notule Munisipaliteit. 8/1/75, art. 15; 15/1/75, art. 7; 22/1/75, art. 7; 26/2/75, art. 3; 12/4/75; 26/4/76; 9/2/80; 12/7/80; 16/2/87; Briewekopieboek. 290, 26/11/86.
 91. Notule Munisipaliteit. 4/7/77; 31/10/77; 2/9/78; 21/6/80; 12/7/80; 23/1/80; 12/7/80.
 92. Notule Munisipaliteit. 9/12/84; Briewekopieboek. 5, 1/12/84; 31, s.a.
 93. Notule Munisipaliteit. 2/9/78; 23/9/78.
 94. Notule Munisipaliteit. 9/11/84; 23/12/84; 21/1/85.
 95. Notule Munisipaliteit. 28/1/85; 4/2/85.
 96. Notule Munisipaliteit 13/7/80.
 97. Notule Munisipaliteit 11/2/85.
 98. Notule Munisipaliteit 4/2/85; 2/6/85; 16/6/85. Geen van die kontrakte kon opgespoor word nie.
 99. Notule Munisipaliteit. 15/3/86; 22/3/86; 24/3/86. Briewekopieboek. 309, 23/3/87.
 100. Notule Munisipaliteit, 20/6/88.
 101. Fred. Jeppe. *Localen Wetten der Z.A.R.* Wet op Landloperij (9/70), art. 2, p.379; Wet op beter bestuur van Naturellen (4/85); VRB 28/11/53.
 102. Notule Munisipaliteit 12/9/88; 19/9/88.
 103. TAB. R8530/99, 20/9/88; R8544/88; R630/88, 19/8/88; Notule Munisipaliteit. 19/9/88; Briewekopieboek. 425, 20/9/88; 428, 2/9/88.
 104. TAB. R11156/95, 7/11/95.
 105. TAB. R13020/87. Stadsklerk – staatsekretaris, s.a.
 106. Briewekopieboek. 472, 3/11/88; 487, 24/11/88.
 107. Notule Munisipaliteit. 16/2/87.